Maandag 3 Augustus
Skrifgedeelte: Psalm 86 (AFR2020)
Fokusgedeelte: Psalm 86:15 (AFR2020)

## Wag op die Here, want Hy is getrou

Die HERE se selfbekendmaking aan Moses in Eksodus 34 was dat Hy barmhartig en genadig is, lankmoedig, vol liefde en trou. Hierdie bekendmaking het 'n geloofsbelydenis dwarsdeur die Ou Testament geword. Hierdie belydenis was en is veral 'n troos en bemoediging in tye van swaarkry. So gebruik Dawid ook hierdie belydenis in Psalm 86:15. Watter swaarkry het Dawid beleef wat gemaak het dat hy dat Psalm 86 gebid het? In vers 1 bely hy sy hulpeloosheid. In vers 2 pleit hy om beskerming en verlossing van dit wat vir hom swaar is. Het hy dalk ook op hierdie punt besonderlik die gevolge van sy sonde ervaar (vgl. vs 5)? Het Hy swaargekry weens druk van vyande?

Sy troos is dat Hy op God kan reken. Al voel hy amper deur sy omstandighede oorweldig en weet hy dat hy homself nie kan red nie, vertrou hy op God se getrouheid. Al voel dit vir hom asof daar geen einde kom aan sy beproewing nie, weet hy dat God geduldig is. Daar is niemand soos God nie (vs 8). Daarom dat hy in vertroue op die dag van nood na die Here roep en weet sy gebed word verhoor (vs 7).

Hoekom kan Dawid (en ons) die sekerheid hê dat God ons gebede verhoor? In 2 Timoteus 2:13 bely Paulus dat as ons ontrou is, God is getrou. Dit gaan nie oor ons nie, maar oor die HERE. Al het ons in sonde geval, God was getrou en het sy Seun vir ons gestuur. Hy het ook sy Gees vir ons gegee. Hy weet waardeur ons gaan. Hy sal ons nie begewe en verlaat nie. Al voel dit vir ons lank, sal Hy op sy tyd die uitkoms bring wat uiteindelik die allerbeste is vir elkeen wat op Hom alleen vertrou.

*Sing: Psalm 86-1:6, 8*

*Dr. JA (Jannie) Erasmus (Odendaalsrus)*